

SKRIFGEDEELTE: 2 KRONIEKE 32:24-32

FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 24-25(NAV)

Hiskia – Lang lewe in God se teenwoordigheid

Koning Hiskia (die Here maak sterk) van Juda het, ná sy goddelose pa Agas, drastiese hervormings ingevoer. Onder sy bewind (727-685 vC) word die tempel gereinig, die tempeldiens heringestel, afgodsdiens uitgeroei en die koperslang, wat toe deur die volk as afgod gebruik is, afgebreek. Die Paasfees word ook weer gevier. Hiskia weier om aan Sanherib, die koning van Assirië onderdanig te wees, en wanneer hy Jerusalem beleër, word sy verbondsvertroue beloon deurdat die Here self 185 000 man van die Assiriërs doodmaak.

Hiskia word egter tot die dood toe siek, en wanneer die profeet Jesaja die nuus aan hom oordra dat hy gaan sterf, bid Hiskia ernstig tot die Here. Die Here hoor die smeekgebed van sy dienskneg en kondig aan dat Hiskia nog vyftien jaar sal lewe. God se verhoring van sy gebed teken vir ons hoe God die nood van sy kinders hoor en verhoor. Ons moet dit vandag nog bly glo.

Die “ekstra” jare vir Hiskia bring hom egter nie nader aan die Here nie. Inteendeel! Toe die koning van Babel deur gesante vir Hiskia met sy genesing kom gelukwens, spog Hiskia by hulle met al sy skatte. Deur Jesaja maak die Here sy misnoeë aan Hiskia. Ekstra lewe en gesondheid is nie vanselfsprekend goed vir die mens se verhouding met God nie.

Tog roep die verhaal van “ekstra” lewe aan Hiskia by ons as Nuwe-Testamentiese lesers iets op van die “ekstra” lewe wat God gee. Hiskia het later gesterf, maar jare later het God sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld gestuur sodat die wat in Hom glo, sal bly lewe, al sterf hulle ook (Joh. 11:25).

Ons mag bid vir genesing en ’n lang lewe, maar ons hoef nie met desperaatheid, ten alle koste, aan die aardse lewe vas te klou nie, want in Christus lewe ons in ewigheid en in Hom lewe ons bowenal in God se teenwoordigheid.

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)